191.. T. 3 (17)

(Pers: vrystelling, 30 Sept. 1964, 9.30 nm.)

(Press: release, 30th Sept. 1964, 9.30 p.m.)

ONS VOLK EN SY GESKIEDENIS

deur

PROFESSOR H.B. THOM

(VOORSITTER VAN DIE F.A.K.)

Openingsrede, F.A.K.-Kongres, Bloemfontein, 30 September 1964, 7.30 nm.

Soos reeds geruime tyd gelede aangekondig is, word die gewone Tweejaarlikse Kongres van die F.A.K. hierdie keer gehou met die algemene tema: Ons Volk en sy Geskiedenis.

Hierdie tema is baie ruim gestel; en dit behoort ook só te wees. Met ons algemene tema wil ons die rigting aanwys waarin ons ons gedagtes wil laat gaan. Ons wil die klem laat val op 'n belangrike gebied van ons geesteslewe, waarvan ons vir onsself rekenskap wil gee; ons wil kyk wat die toestand op hierdie gebied vandag by ons is; en ons wil vasstel wat ons toekomstaak gaan wees.

In hierdie openingsrede wil ek nie teveel in besonderhede tree nie. Met die besonderhede van die verskillende sye van ons algemene tema sal ons ons besighou wanneer ons later by die referate en die beskrywingspunte kom. My taak is daarin geleë dat ek die verrigtinge van die kongres moet inlei en 'n paar groot lyne moet trek. Of kongresgangers saamstem met alles wat ek sê, is hier aan die begin nie van soveel belang nie; wat wel van belang is, is dat ons sommer van die begin af 'n duidelike koers sal hê.

Ek wil/.....

Ek wil by twee groot vrae stilstaan. Vir sommige mag hierdie vrae miskien vreemd of onwetenskaplik of selfs plat klink, maar dit stel die duidelikste wat ek wil behandel. Ek wil vra: Wat maak ons vandag met ons geskiedenis? en: Wat gaan ons in die toekoms met ons geskiedenis maak?

Laat ons op die eerste vraag let: Wat maak ons vandag met ons geskiedenis?

Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het goeie rede gehad waarom hy besluit het om op hierdie kongres oor ons volk en sy geskiedenis te beraadslaag. Bevoegde instansies en verantwoordelike leiers op kulturele, opvoedkundige en kerklike terrein het in die afgelope jare baie keer gewaarsku dat dit die Afrikaner nie meer erns met sy volksverlede is nie, en hierdie waarskuwings het in die jongste tyd al hoe ernstiger geword. Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, wat begryplikerwyse baie sterk oor hierdie saak voel en alles in sy vermoë doen om 'n verandering teweeg te bring, het die F.A.K. dringend versoek om 'n geleentheid te skep waar daar oor hierdie onderwerp gedagtes gewissel kan word. Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het na rype beraad besluit om aan die versoek te voldoen. Laat ons dan nie aarsel om nou ons hand in eie boesem te steek en vir onsself ruiterlik rekenskap van die toestand te gee nie.

Daar was dae toe die Afrikaner boeke oor sy geskiedenis gretiglik verwelkom het. Werke soos bv. S.J. du Toit en sy medewerkers se Di Geskidenis van ons Land in di Taal van Volk, Weilbach en Du Plessis se Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheids-Oorlog, en F. Lion Cachet se De Worstelstrijd der Transvalers, is deur Afrikaners met dankbaarheid aanvaar en gelees, omdat hulle iets

daarin/ .....

daarin gevind het wat sterk tot hulle gespreek het. Preller se werke het ook groot belangstelling opgewek: Piet Retief het tien uitgawes beleef, en Preller se bronnereeks Voortrekkermense is oral onder Afrikaners gevind, sowel in dorpe en stede as op afgeleë boereplase. Dit was ook nie dat die boeke maar net vlugtig gelees is nie; hulle is werklik gebruik en het vir die Afrikaner van dié tyd werklik geleef. Dit is hierdie boeke wat in verband met die verrigtinge van die outydse Dingaansdagvierings en debatsverenigings oor en oor geraadpleeg en bestudeer is. Dit is wel só dat hierdie boeke, as hulle aan die eise van die wetenskaplike geskiedskrywing onderwerp word, nie as hoogstaande produkte beskou kan word nie, maar die feit bly staan dat die Afrikaner, deur die wyse waarop hy hierdie werke ontvang het, lewendige belangstelling in sy geskiedenis getoon het.

Laat ons maar openhartig wees: vandag is dit met baie van ons nie meer só nie. Ons het vandag 'n veel groter Afrikaanse leserspubliek as dertig of veertig jaar gelede, al is dit dan ook waar dat ons getal Afrikaanse lesers vanselfsprekend kleiner is as die getalle lesers in die meeste lande van Europa of Amerika. Maar die beskamende feit vir ons is dat daar, ten spyte van ons vermeerderde getal lesers, vandag nie meer die belangstelling van vroeër is nie. Historici kry swaar om uitgewers vir hulle werke te vind, omdat uitgewers twyfel of hulle 'n bevredigende afset vir geskiedkundige boeke sal kry. Was dit nie vir die hulp wat van verskeie kante in verband met publikasie aan historici gegee word nie, bv. deur ons universiteite, deur verenigings soos die Van Riebeeck-Vereniging, en deur die Argiewe met 'n publikasie-reeks soos die Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, sou ons vandag seker veel armer aan

moderne/ .....

moderne historiese literatuur gewees het.

Ons gee graag toe dat verhoogde drukkerskoste ook 'n vername rol speel; en daarom is ons dankbaar dat daar instansies is wat goeie geskiedkundige publikasies help bekostig. Maar ons kom nie weg van die feit dat die Afrikaner van vandag nie meer 'n lewendige belangstelling in sy geskiedenis het nie, en dat dit een van die vernaamste redes is waarom ernstige geskiedkundige werke nie veel aftrek kry nie.

Veelseggend in hierdie verband is 'n opmerking wat ek enige tyd gelede van 'n vooraanstaande Afrikaanse historikus gehoor het. Ek het geweet dat hy reeds lank aan 'n belangrike boek werk, en verneem toe hoe ver hy met die manuskrip gevorder het. Hy het meegedeel dat dit reeds voltooi was, en dat hy gelukkig genoeg was om 'n goeie subsidie vir die publikasie te verkry. Op my verdere vraag of hy 'n ruim leserskring verwag, het hy kort en saaklik geantwoord: "Nee wat, seker maar klein; maar twee mense sal darem die boek lees: ek en die proefleser!" Dis natuurlik maar spottenderwys gestel, maar dit stem nietemin tot ernstige nadenke, des te meer nog as ons daaraan dink dat ons vandag oor 'n hele aantal toegewyde geskiedskrywers beskik, wat nie slegs deeglike, oorspronklike werk doen nie, maar ook die vermoë besit om hulle werk in goeie, duidelike taal te stel.

Dit is 'n paar uitstaande kenmerke van die algemene posisie soos ons dit vandag by ons volwasse publiek aantref. Van die allergrootste belang is egter dat ons ook op ons skole, ons skoolgaande jeug, sal let. Wat maak ons met ons geskiedenis in ons skole? en wat maak ons skoolgaande jeug daarmee? Ook hier vind ons 'n toestand wat dringende aandag vereis.

Die posisie/.....

Die posisie is in ons verskillende Provinsies, wat elkeen sy eie Departement van Onderwys het, natuurlik nie identies nie. Die algemene patroon is egter dat Geskiedenis tot by Standerd VIII geneem word, maar dat dit daarna nie meer 'n verpligte vak is nie. Leerlinge kan St. IX en St. X desverkiesende sonder Geskiedenis deurgaan; hulle kan St. X slaag, en hulle kan daarna selfs universiteit toe gaan, sonder dat hulle Geskiedenis as 'n aparte, volwaardige vak gehad het. Die gevolg is dan ook dat daar op die universiteite tal van studente aanland, wat in hulle senior skooljare nie Geskiedenis gehad het nie. Daar is ongetwyfeld baie redes waarom hulle die vak nie gekies het nie, maar uit ons kennis van die toedrag van sake in ons skole weet ons dat gewone gebrek aan belangstelling een van die vernaamste redes is.

Dit is al bedenklik genoeg, maar die toestand word nog bedenkliker as ons in gedagte hou dat ook die leerlinge wat Geskiedenis wel gehad het, glad nie noodwendig belangstelling of liefde daarvoor het nie. Ek verstout my om te sê dat, altans soos ek leerlinge leer ken het wat van die skole na die universiteit kom, selfs baie van hulle wat Geskiedenis wel as vak in die senior skooljare gehad het, in werklikheid weinig liefde daarvoor het. Hulle kla daaroor dat hulle op skool aan 'n strawwe drywery onderwerp is, dat hulle voortdurend net feite uit handboeke of notas moes memoriseer, en dat hulle geen geleentheid gekry het om hulle eie belangstelling te laat geld en hulle in die vak uit te leef nie. In die lig van sulke omstandighede kan 'n mens verstaan dat baie nie belangstelling vir die vak sal hê nie, maar eerder 'n wrewel daaraan sal ontwikkel het.

Hierin moet nie sonder meer kritiek op ons onder-

wysers/.....

wysers gelees word nie; inteendeel, ons het baie goed-gekwalifiseerde, toegewyde onderwysers, wat die grootste erns met hulle werk aan die dag lê. Maar hulle is vasgevang in 'n stelsel wat, ofskoon dit goed bedoel is en ongetwyfeld ook sekere verdienstes het, ernstig ontaard het. Die sukses van 'n onderwyser word hoofsaaklik gemeet aan die persentasie van sy leerlinge wat hy in St. X deur die eksamen kry, en byname die persentasie wat hy in die eerste klas het. Hiervan hang nie slegs sy aansien as onderwyser af nie, maar dikwels ook sy kanse op promosie. En by die eksamen gaan dit, wat Geskiedenis altans betref, vrywel enkel en alleen oor die memorisering van feite.

Hoef dit ons dan te verwonder dat onderwysers hulle hoofsaaklik daarop toelê - en grotendeels ook daarop moet toelê - om leerlinge blote feite te laat onthou? Hoef dit ons te verwonder dat hulle weinig of geen tyd het nie om, deur ruimer leesopdragte aan hulle leerlinge en deur intelligente bespreking, 'n gesonde begrip van die betekenisvolle gebeures van die geskiedenis by hulle leerlinge tuis te bring? Daar is wel onderwysers wat probeer om, ten spyte van die meedoënlose eise van die eksamenstelsel, oorspronklikheid en selfwerksaamheid by hulle leerlinge aan te moedig, maar hulle doen dit op die gevaar af - en hulle weet dit - dat hulle kandidate minder goed in die eksamen sal vaar.

Vir die idealistiese, vooruitstrewende leerkrag in Geskiedenis is daar voorwaar baie min aanmoediging. Vir hom bestaan die gevaar dat sy kandidate, ten gevolge van sy idealisme en vooruitstrewendheid, by die eksamen sal skade ly, en dat hy vir sy idealisme en vooruitstrewendheid in werklikheid dus gepenaliseer sal word. Dit is sulke omstandighede wat tot gevolg gehad het dat daar vandag hoër-

skole/.....

skole in ons land is waar geen leerboeke meer in Geskiedenis gebruik word nie, en waar net notas gedikteer word wat leerlinge dan moet memoriseer. Daar is selfs skole, hoe ongelooflik dit ook al mag klink, waar selfs geen onvattende stelle notas gegee word nie, maar waar eenvoudig notas oor 'n aantal moontlike eksamenvrae gedikteer word, waarop leerlinge dan oor en oor meet konsentreer. Ons kan voorsien wat in sulke gevalle sal gebeur: soms is dit mis, en dan vaar die kandidate swak; maar - wat erger is - soms is dit raak, en dan vaar die kandidate uitstekend! Hoe dit sy, of dit mis is of raak, leerlinge wat op hierdie manier in hulle senior skooljaar Geskiedenis leer, is vir eens en vir altyd klaar met die vak.

Dit is die beeld wat die geskiedenis-onderwys, ten gevolge van die verstarde eksamenstelsel, in hoofsaak vandag vir ons bied. Daar is lofwaardige uitsonderings, sekere skole en sekere onderwysers, maar hulle is die uitsonderings en verander nie die algemene beeld nie. Dit is ons plig om hierdie beeld duidelik te gee, want dit is die waarheid; en dit is ons plig om hierdie waarheid, veral in die tyd waarin ons vandag leef, ruiterlik onder die oë te sien. Laat ons dan ook maar openhartig sê: as baie leerlinge in die senior skooljare geen Geskiedenis meer kies nie, en as eksamen-sukses die alles-oorheersende strewe is met diegene wat wel die vak kies, dan kan ons by die volwasse publiek weldra ook geen lewende belangstelling meer verwag nie. Trouens die enge, sieldodende eksamenstelsel is reeds so lank al in swang dat dit op aansienlike skaal bygedra het om die gebrek aan belangstelling, wat ons by ons volwasse publiek gade geslaan het, te laat ontstaan.

As ons dan terug kom by die vraag wat voorop gestel is, nl. Wat maak ons vandag met ons geskiedenis? en as ons met

onbevange/ .....

onbevange gemoed 'n antwoord hierop moet gee, dan kan ons antwoord seer seker nie bemoedigend wees nie. Ons moet erken dat baie Afrikaners weinig belangstelling vir hulle verlede het, en dat die toestand in verband met die onderwys van die vak ook geensins daarop bereken is om belangstelling en liefde op te wek nie. As 'n stabiliserende faktor in ons volkslewe, of 'n pleganker in ons kultuurlewe, het die geskiedenis dan ook vir ons glad nie die betekenis wat dit kan hê nie. Baie van ons maak asof ons geskiedenis nie bestaan nie: ons ken wel die vernaamste hooftrekke van ons verlede, maar dit is vir ons slegs inligting; dit is nie lewegéwende kennis en eie, deurleefde ervaring nie. Ons geskiedenis is vir baie van ons amper soos 'n blote ornamentele meubelstuk in ons huis, miskien 'n mooi meubelstuk, maar ons gebruik dit nie en ons sien dit al gou ook nie eers meer raak nie.

Laat ons by die tweede groot vraag kom: Wat gaan ons in die toekoms met ons geskiedenis maak? Kan ons regmaak wat reeds ernstig verkeerd geloop het? en kan ons in die toekoms vermy wat vandag vir ons groot skade berokken?

Om antwoorde hierop te vind, sal ons eers helderheid moet kry oor wat presies ons beskouing van die Geskiedenis en die geskiedskrywing is. Hieroor het daar in die verlede verskillende opvattinge - of skole van opvatting - bestaan, wat ook vandag nog in minder of meerder mate aangetref word.

Die een sal sê dat die doel van die geskeidskrywing is om die feite of gebeure van die verlede suiwer en kronologies vas te stel en te beskryf. Hier het ons te doen met die kronologiese geskiedskrwying, wat reeds by die ou Klassieke historici soos Herodotus, Thucydides, Polybius, Plutarchus en Plinius aangetref word. Ons kry dit vandag ook nog

by mense/ .....

by mense wat op die gebied van die geskiedskrywing min of meer leke is, maar wat hulle tog ook op heel natuurlike wyse 'n voorstelling maak van wat die Geskiedenis nou eintlik is.

'n Mens sal nie wil beweer dat hierdie opvatting volkome onjuis is nie; inteendeel, daar steek wel 'n sekere mate van waarheid in, maar dit is nie die volle waarheid nie. Die Geskiedenis is immers veel meer as gewone kroniekskrywery; en mense wat hierdie opvatting huldig, sal ernstig daarteen moet waak dat hulle nie, deur die verlede eenvoudig kronologies te sien en te beskryf, die logiese, samehangende verloop van die historiese gebeure versnipper en vernietig nie. Dit is die soort geskiedskrywing wat 'n mens nie die groot gebeure in duidelike samehang laat sien nie, maar 'n mens eerder in 'n doolhof van onsamehangende besonderhede laat beland.

'n Ander sal sê dat die Geskiedenis die leermeesteres van die lewe is, en dat die doel van die geskiedskrywing is om ons lesse vir die lewe te gee. Dit kom daarop neer dat 'n mens uit die lewens van historiese figure of uit situasies van die verlede lesse moet put, wat jy dan in jou eie lewe kan toepas. Hier het ons met die pragmatiese geskiedenis te doen: die Geskiedenis moet praktiese nut hê; hy moet hulp in verband met allerhande probleme van die lewe bied; hy moet deugde soos vaderlandsliefde, eerlikheid en pligsgetrouheid inskerp; en hy moet die individu tot 'n beter landsburger vorm en opvoed.

Ook hiermee kan 'n mens tot op sekere hoogte saamstem: as mense uit die verlede lesse haal wat hulle help om 'n sukses van hulle eie lewens te maak; en as mense deur die lewens van hulle voorgangers aangespoor word om sekere deugde in hulle eie lewens te voed, dan is daar geen fout mee te vind nie. Maar ons moet onthou dat daar in die geskiedenis

van enige/ .....

van enige volk nie net helde is nie, maar ook skurke; en dat die lewe van sowel die held as die skurk sy invloed kan uitoefen. Ons moet ook onthou dat dit haas ondenkbaar is dat presies dieselfde situasies, onder presies dieselfde omstandighede, hulle in die Geskiedenis sal herhaal, sodat 'n mens nie te haastig kan wees om jou les of antwoord uit die Geskiedenis te haal nie. Leidrade sal 'n mens seker baie kry; maar 'n presiese antwoord seker selde. Die pragmatiese beskouing is gebaseer op die bekende opvatting: die Geskiedenis herhaal homself; maar terselfdertyd moet ons nie vergeet nie wat die Duitse wysgeer Hegel reeds vroeg in die negentiende eeu gesê het: "Ons leer uit die Geskiedenis dat ons nie uit die Geskiedenis leer nie!"

'n Derde kan sê dat die groot doel van die geskiedskrywing is om die oorsaaklike verband tussen die gebeures van die verlede bloot te lê. 'n Mens moet sien en begryp hoe een gedagte of gebeurtenis 'n ander beïnvloed het, hoe 'n bepaalde oorsaak 'n bepaalde gevolg gehad het, en hoe daar dan miskien weer tussen oorsaak en gevolg 'n diepgaande wisselwerking plaasgevind het. Hier het ons te doen met die genetiese geskiedskrywing, soos Ernst Bernheim, die bekende Duitse skrywer oor die historiese metode, dit genoem het.

Hoe meer 'n mens oor die Geskiedenis nadink, hoe meer moet jy met hierdie opvatting saamstem. Dit verlos die geskiedskrywing uit die enge bande van kronologiese kroniekskrywery; en dit lig die geskiedskrywing uit vér bo die beperkte rol van 'n blote leermeesteres van die lewe. Dit wil indring in die groot gebeures van die verlede, of hulle individue of volke raak, en dit wil - deur samehang, beïnvloeding en wisselwerking bloot te lê - vir ons ontwikkeling of ohtaarding laat raaksien en verstaan. Leopold von Ranke, een van die grootste beoefenaars van die genetiese geskied-

skrywing/ .....

skrywing, het die strewe van hierdie geskiedskrywing die beste saamgevat in sy saaklike, treffende woorde: Dit wil eenvoudig sê hoe alles eintlik gewees is ("wie es eigentlich gewesen"). Hier het ons eenvoudige, lakonieke woorde, maar dit is woorde wat ernorm ryk is aan inhoud.

Ons Afrikaanse geskiedskrywing beantwoord vandag oor die algemeen goed aan die vereistes van die genetiese geskiedskrywing. Ons het wel ook ons liefhebbers of amateurs, wat geneig is om kronologies-verhalend of pragmaties-lérend te skryf, maar vir ons opgeleide historici, wat die ware verteenwoordigers van ons geskiedskrywing is, is dit vanselfsprekend dat hulle werke die gees van die genetiese geskiedskrywing moet adem. Dit is vir hulle nie slegs vanselfsprekend nie; hulle sal voel dat hulle verraad teenoor hulle vak pleeg as dit nie so is nie. Soos reeds opgemerk is, is ons vandag gelukkig om so 'n betreklike groot aantal goedonderlegde geskiedkundiges te hê. Hulle is dáár; hulle lewer hulle werke, en sal in die toekoms nog meer lewer. Maar die vraag bly: Wat gaan ons in die toekoms met hulle werke, en met die inhoud van hulle werke, maak?

Ons volk sal moet sorgdra dat hy hom erns met sy geskiedenis maak. Ons sal ware belangstelling moet toon, en ons sal uit die werke van ons geskiedkundiges vir onsself 'n gesonde begrip van die betekenisvolle ontwikkelinge van ons verlede moet kry. Dit beteken nie dat 'n mens maar net 'n groot aantal feite moet onthou nie; die feite - of baie daarvan - vergeet jy tog maar weer. Maar dit beteken dat 'n mens jou daarop moet toelê om, soos kenmerkend van die genetiese geskiedskrywing is, verband en wisselwerking raak te sien, en aldus tot 'n intelligente begrip van die dinge van die verlede te kom.

As ons/ .....

As ons volk dit doen, sal ons geskiedenis 'n groot krag in ons volkslewe word. Ons sal ons geskiedenis nie as 'n dooie kroniek sien nie, en ons sal dit ook nie bewustelik die leermeesteres van ons lewe maak nie. Maar deur ernstige, eerlike belangstelling, in die gees van die genetiese beskouing soos dit deur ons opgeleide historici uitgeleef word, sal ons die geestesverrykende waarde van ons verlede ondervind. Tewens sal ons dan die voordele van die kronologiese en die pragmatiese geskiedskrywing behou, terwyl ons aan die nadele daarvan sal vry kom. Deur ernstige belangstelling in die dinge van die verlede sal ons tot 'n veel beter begrip kom van die groot gebeurtenisse en verskynsels wat ons vandag om ons heen sien. Want die hede is, deels regstreeks en deel onregstreeks, 'n projeksie van die verlede. Niks ontstaan sommer eenklaps of per toeval nie; en alles wat ontstaan het, het gevolg op wat vooraf gegaan het.

'n Beter begrip van die hede, wat aldus deur belangstelling in die verlede moontlik gemaak word, gee 'n mens 'n suiwerder perspektief en groter doelbewustheid en koersvastheid, sowel in jou persoohlike as nasionale en kulturele lewe. En waar het mense dit vandag méér nodig as juis hier by ons in Suid-Afrika, en by uitstek ons blankes in Suid-Afrika? 'n Intelligente studie van ons verlede sal ons help om ons probleme beter te verstaan; en ook om nie in terme van statiese feite te dink nie, maar in terme van verandering en ontwikkeling, soos die lewe en die wêreld ook werklik is. Dit sal ons bowendien help om ons verantwoordelikhede met insig en beslistheid te aanvaar, ons verantwoordelikhede nie net teenoor ons mede-Afrikaners en ander blanke Suid-Afrikaners nie, maar ook teenoor nie-blanke Suid-Afrikaners. As

ons studie/ .....

ons studie van ons verlede in ons eie midde agteruitgaan, sal ons daardeur noodwendig geestelik armer en swakker word.

Hieruit volg dat ons sekere toestande, wat vandag by ons bestaan en waarvan ons reeds kennis geneem het, nie langer kan laat voortduur nie. Ons sal alles in die werk moet stel om die gebrek aan belangstelling, wat kenmerkend van 'n groot deel van ons volwasse publiek is, teen te werk. Die F.A.K. met sy geaffilieerde en meewerkende liggame, en sy lewenslede en donateurlede, sal 'n belangrike rol hierin kan speel. Ons het die voordeel dat ons dwarsoor ons land verteenwoordig is, en dat ons dus oral kan optree. Individue sal aktief hulle persoonlike belangstelling moet toon, terwyl verenigingen en ander liggame in hulle byeenkomste aandag sal moet wy aan werke en besprekinge oor ons vaderlandse geskiedenis. Aldus sal ons 'n bydrae kan lewer om 'n gees van lewendige belangstelling vaardig te maak, waardeur ons geestelik verruim en verryk sal word.

Verder sal ons besondere aandag aan die onderrig van Geskiedenis moet wy. Ons sal dit nie langer kan bekostig dat die onderrig in die senior skooljare, teh gevolge van die heersende eksamenstelsel, die belangstelling en liefde vir die Geskiedenis by ons jongmense grotendeels uitdoof nie. Ons sal hier radikaal moet dink en moedig moet handel: aan ons eksamenstelsel, soos ons dit vandag ken, sal daar 'n einde moet kom. Die huidige stelsel van 'n finale eksamen, waarvoor leerlinge net met feite en nogmaals feite gedryf word en wat in werklikheid net 'n geheuetoets geword het, sal drasties verander moet word. Ons onderwysowerhede kan bv. oorweeg om, by die bepaling van 'n leerling se sukses, veel meer waarde te heg aan sy prestasies in die loop van sy kursus, en ook om aan die einde van die kursus 'n mondelinge eksamen deur be-

voegde persone/ .....

voegde persone te laat afneem. Ook hier sal F.A.K.-liggame en -lede 'n vername bydrae kan lewer deur aan onderwysmanne en onderwysowerhede, in die stappe wat gedoen kan word, aktiewe hulp te verleen.

Eindelik sal vir Geskiedenis, as skoolvak, 'n belangriker plek ingeruim moet word. As die studie van ons verlede vir ons die betekenis moet hê wat so-ewe uiteengesit is, sal ons nie meer met selfvoldaanheid kan toesien dat dit in ons finale, allervernaamste skooljare vir ons senior leerlinge 'n opsionele vak bly wat baie van hulle uit wrewel laat linkslê nie. Dit is nog altyd my oortuigde mening dat Geskiedenis, naas 'n paar ander basiese vakke soos Afrikaans, Engels en Wiskunde, in die laaste twee skooljare 'n verpligte vak moet wees. Ek sê dit met die veronderstelling dat ons eers die bestaande eksamenstelsel sal hervorm, want as dit nie die geval is nie, sal Geskiedenis as verpligte vak, nog groter teensin en wrewel veroorsaak as wat tans die geval is, en dan sal die tweede dwaling nog groter wees as die eerste.

'n Mens moet egter ook realisties wees. Ek wil nie maar op haastige, onverantwoordelike wyse aan ons onderwysowerhede probeer voorskryf wat hulle moet doen nie. Ek weet hulle het ook hulle probleme: dat hulle bv. groot moeilikheid ondervind om al die nuttige vakke in die St. IX- en St. X-leerplanne ingepas te kry; en dat hulle ook moet rekening hou met die behoeftes van leerlinge wat na die universiteit gaan en dié wat ná die skooljare in die een of ander werkkring tree. Maar dit neem nie weg dat ons ook in hierdie verband ons plig moet doen nie. Ons moet ons beste kragte aanwend ten einde te help om 'n verbetering te bewerkstellig wat vir die Afrikaner, en vir Suid-Afrika in die algemeen, tot in lengte van dae groter geestelike rykdom en

verdieping/ .....

verdieping sal meebring. Die F.A.K., met die besondere plek wat hy in ons volkslewe inneem, sal ook hier sy bydrae kan lewer. En dit sal 'n veelbetékende bydrae wees, d.w.s. as ons doelgerig en gekoördineerd optree, en waarlik met die moed van ons oortuiging besiel is.

Hiermee het ek nou gekom aan die einde van wat ek op die openingsvergadering graag aan die kongres wou voorlê. Ons het gesien dat daar gegronde rede bestaan waarom ons vandag ernstig met mekaar moet raadhou oor die onderwerp: Ons Volk en sy Geskiedenis. Op die vraag: Wat maak ons volk vandag met sy geskiedenis? kon ons nie 'n gerusstellende antwoord gee nie. En in ons ondersoek na die vraag: Wat gaan ons in die toekoms met ons geskiedenis maak? het ons gesien dat 'n radikale hervorming van ons benadering en optrede noodsaaklik geword het. As ons die blywende belange van ons volk in die toekoms wil dien, sal ons moet toesien dat ons geskiedenis nie maar 'n blote ornament in ons kultuurwoning bly nie. Dit moet vir ons 'n behoorlike begrip van ons omgewing gee, en gepaardgaande daarmee vir ons ook ewewigtige blywende besieling bring. Dit moet op onmiskenbare wyse help om die gees en karakter van ons Afrikaanse kultuurwoning te bepaal.

Indien die verrigtinge van hierdie kongres ons oë hiervoor open, sal ons verheug wees; indien die uitwerking van die kongres na buitentoe ons ook werklik op die weg hiertoe plaas, sal ons altyd innig dankbaar bly.

---oOo---